

REPUBLIEK
VAN
SUID-AFRIKA



REPUBLIC
OF
SOUTH AFRICA

Staatskoerant Government Gazette

R0,80 Prys • Price
R0,08 Plus 10% BTW • VAT
R0,88 Verkoopprys • Selling price
Buitelands **R1,10** Other countries
Posvry • Post free

Vol. 322

PRETORIA, 29 APRIL 1992

No. 13965

PROKLAMASIE

van die

Staatspresident

van die Republiek van Suid-Afrika

No. 39, 1992

TUSSENVERKIESING: RAAD VAN VERTEEN-
WOORDIGERS: KIESAFDELING DIAMANT

(1) Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 110 van die Kieswet, 1979 (Wet No. 45 van 1979), verklaar ek hierby dat 'n vakature ontstaan het in die verteenwoordiging van die Raad van Verteenwoordigers in die kiesafdeling Diamant.

(2) Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 33 van die Kieswet, 1979 (Wet No. 45 van 1979), bepaal ek hierby ingevolge die bepalings van artikels 34 en 110 van genoemde Wet—

- (i) **Woensdag, 20 Mei 1992**, as die dag waarop 'n nominasiehof ten opsigte van die kiesafdeling Diamant sitting sal hou om nominasies van verkiesingskandidate te ontvang vir die verkiesing van 'n lid van die Raad van Verteenwoordigers vir daardie kiesafdeling;
- (ii) **Woensdag, 24 Junie 1992**, as die dag waarop, indien 'n stemming in die bedoelde kiesafdeling nodig word om die redes vermeld in artikel 41 van die genoemde Wet, die stemming ten opsigte van die verkiesing van die lid van die Raad van Verteenwoordigers in die kiesafdeling hierbo vermeld, gehou sal word, welke stemming ooreenkomstig artikel 94 van genoemde Wet op daardie dag om 07:00 sal begin en om 21:00 sal sluit.

PROCLAMATION

of the

State President

of the Republic of South Africa

No. 39, 1992

BY-ELECTION: HOUSE OF REPRESENTATIVES:
ELECTORAL DIVISION OF DIAMANT

(1) Under the powers vested in me by section 110 of the Electoral Act, 1979 (Act No. 45 of 1979), I hereby declare that a vacancy has occurred in the representation of the House of Representatives in the Electoral Division of Diamant.

(2) Under the powers vested in me by section 33 of the Electoral Act, 1979 (Act No. 45 of 1979), I hereby determine, in terms of the provisions of sections 34 and 110 of the said Act—

- (i) that **Wednesday, 20 May 1992**, shall be the day on which a nomination court will sit in respect of the Electoral Division of Diamant, to receive nominations of candidates for election as a member of the House of Representatives for that electoral division;
- (ii) **Wednesday, 24 June 1992**, as the day on which, if a poll becomes necessary in the said electoral division for the reasons mentioned in section 41 of the said Act, the poll in respect of the election of the member of the House of Representatives in the electoral division mentioned above shall be taken, which poll in accordance with section 94 of the said Act will commence at 07:00 and will close at 21:00 on that day.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Nege-en-twintigste dag van April, Eenduisend Negehonderd Twee-en-negentig.

F. W. DE KLERK,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Kabinet:

E. LOUW,
Minister van die Kabinet.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town, this Twenty-ninth day of April, One thousand Nine hundred and Ninety-two.

F. W. DE KLERK,
State President.

By Order of the State President-in-Cabinet:

E. LOUW,
Minister of the Cabinet.

INHOUD

No.		Bladsy No.	Koerant No.
PROKLAMASIE			
39	Kieswet (45/1949): Tussenverkiesing: Raad van Verteenwoordigers: Kiesafdeling Diamant.....	1	13965

CONTENTS

No.		Page No.	Gazette No.
PROCLAMATION			
39	Electoral Act (45/1979): By-election: House of Representatives: Electoral Division of Diamant.....	1	13965